Verwysing: 20200728-7227
Lêerno.: 12/17/1
Navrae: S Hanekom

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0005/2020

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Gespesialiseerde Leerder- en Opvoederondersteuningspersoneel, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by openbare skole

Onderwerp: EDULIS-biblioteek oop vir beperkte dienste

1. Die Onderwysbiblioteek- en Inligtingsdienste (EDULIS)-biblioteek sal vanaf 03 Augustus 2020 vir beperkte dienste aan kliënte heropen. Die biblioteek is oop vir aflaai- of afhaaldienste deur kliënte. Daar is tans geen aangesig-tot-aangesig-interaksie met kliënte beskikbaar nie.

2. Die prosedure vir die **terugbesorging van biblioteekhulpbronne**:
   Die sperdatum van biblioteekhulpbronne wat gedurende die algehele inperking terugbesorg moes word, is tot 01 September 2020 verleng. Daarna kan items aanlyn of telefonies hernu word om die uitleentydperk te verleng indien kliënte dit nie kan terugbesorg nie.

   In die tussentyd is dit moontlik om items terug te besorg deur dit by sekuriteit by die biblioteekingang in te handig. Wanneer items terugbesorg word, moet kliënte asseblief seker maak dat hulle aan die vereistes vir sosiale afstand voldoen. Die dra van maskers is verpligtend. Kliënte se temperatuur word geskandeer, persoonlike besonderhede geneem en die getal items wat terugbesorg word, aangeteken.

   As die items nie persoonlik terugbesorg kan word nie, is u welkom om die gratis terugkerende posdiens te gebruik. As u nie die gratis koepon het nie, kontak asseblief die biblioteek sodat ons dit per e-pos aan u kan stuur.

3. Die prosedure vir die **uitleen van biblioteekhulpbronne:**
   Kliënte kan hulpbronne telefonies of per e-pos aanvra. Die biblioteekpersoneel sal die aangevraagde items van die rak afhaal en pakkies voorberei om óf persoonlik opgetel óf gepos te word. Biblioteekpersoneel sal kliënte per e-pos in kennis stel wanneer items by die biblioteek afgehaal kan word. Wanneer items afgehaal word, moet kliënte seker maak dat hulle aan die vereistes vir sosiale afstand voldoen. Die dra van maskers is verpligtend. Die biblioteekmateriaal wat u ontvang, is veilig om gebruik te word.

Die volgende inligting word benodig wanneer biblioteekhulpbronne per e-pos aangevra word:

- Titel en outeur van items soos in die katalogus aangedui.
- As u nie 'n spesifieke titel het nie, vra hulpbronne aan oor 'n onderwerp (wees so spesifiek as moontlik).
- U voorletters en van.
- U identiteitsnommer of EDULIS-lidmaatskapnommer van die biblioteek.
- Óf ons dit moet pos, en óf u dit gaan afhaal.

Hierna volg inligting oor hoe u die aanlyn katalogus kan deursoek.

4. **Toegang tot e-hulpbronne** (elektronies tydskrifdatabasis, Books24x7 en biblioteekkatalogus):
   Toegang tot e-hulpbronne sal soos gewoonlik deur afstandstoegang beskikbaar wees. Kliënte kan soos gewoonlik aanmeld. Indien enige probleme met wagwoorde ondervind word, kontak die biblioteekpersoneel wat u deur die proses sal lei.

5. Na die ontwrigting van die inperkingstydperk, sien ons daarna uit om die EDULIS-biblioteekdiens weer aan al ons kliënte bekend te stel. Laat weet ons as u spesiale behoeftes of enige voorstelle het om ons diens tydens 'n ramptoestand te verbeter.

6. Kliënte kan die EDULIS-biblioteek kontak by tel. 021 957 9618, vanaf Maandae tot Vrydae tussen 10: 00 – 14:00, of per e-pos by edulis@westerncape.gov.za.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-08-07